SUID-AFRIKAANSE
STOEIFEDERASIE

GAWIE DE BEER
(Sekretaresse Beampte Raad)

+27 73 120 2561
gawie@colivery.co.za
www.wrestling.org.za
36 Finch Straat, Ontdekkerspark, 1709
Gauteng, Suid Afrika

SA BEAMPTERAAD EKSAMEN VRAEBANK
SA OFFICIATING COUNCIL EXAMINATION QUESTIONNAIRE - 2017

Inleiding:

Die vraebank dek die hele UWW reëlboek September 2016 en dit word verwag van die SA Beamptes om deur die hele reëlboek te werk, nie net te lees nie! Die hoeveelheid punte wat 'n vraag tel gee 'n aanduiding van hoeveel feite genoem word.

Daar is enkele Artikels waar daar nie vrae uit gevra is nie en u moet net daardeur lees en u self vergewis van die inhoud. Enige vrae uit hierdie vraebank kan tydens 'n SA Beampte eksamen gevra word. Vrae sal nie noodwendig die presiese bewoording hê soos dit gestel is in hierdie dokument nie.

Verwys ook na die SA Beampteraad se Regulasies 2017.
Indien 'n reël uniek is in Suid Afrika, sal die vraag gestel word oor hoe dit in Suid Afrika toegepas word.

Vrae word gevra en dan word daar verwys na "hom" of "hy" of "sy mening" ens. Die vrae is nie bedoel om seksisties te wees nie en waar daar ook al na "hom" verwys word kan dit net sowel "haar" ook wees. Dit maak die tik van hierdie dokument net makliker as om elke keer na "hom/haar" te verwys. Dankie dames dat julle verstaan!

Indien daar reël veranderinge gedurende die jaar kom, sal die nuwe reëls gebruik word vir die eksamen.

Introduction:

The questionnaire is formulated from the entire UWW rulebook **September 2016** and we expect everybody to work through the rulebook and not just read through it. The points awarded to each question indicate the number of facts that needs to be noted.

The articles that are not covered in the questionnaire should also be worked through and studied. All the questions in the examination will come from this questionnaire. The SAWF Officials' Council Regulations **2016** are also needed to complete the questions.

The red zone (Passivity Zone) in the questions is the same as the orange zone in the rulebook.

If a rule is unique to SAWF please answer the way it is interpreted in SA.

All questions are set in the male gender. This is purely for ease of use and not sexist. Thanks ladies for understanding
If new rules comes out during the year, the new rules will be used to mark the exam.

NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
a member of the dti group
sport & recreation
Department:
Sport and Recreation South Africa
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
UNITED WORLD WRESTLING
SASCOC

Die SASF Beampteraad 2017-2018 / The SAWF Officials' Council 2017-2018:

Willem Giliomee	Voorsitter/Chairman
Herman Lourens	Vise Voorsitter/Vice Chairman
Gawie de Beer	Sekretaris/Secretary
Charles Villet	Lid/Member (UWW Refereeing Commission)
Elize Grobler	Lid/Member
Johan Smith	Lid/Member
Danie de Wet	Lid/Member

VRAE/QUESTIONS:

1. Hoe lank is die inweeg periode? / What is the time period for the weigh-in?(Art:11) (1)
2. Noem die ouderdomme vir die mans afdelings: / Name the age for the following men's categories: (Art:7)
   - Jeug/Youth (SA) (1)
   - Kadette / Cadets (1)
   - Juniors / Juniors (1)
   - Seniors / Seniors (1)
3. Indien 'n stoeier die Grieks Romeins wedstryd onderbreek deur voor te gee dat hy beseer is, sal die skeidsregter vra vir 'n vermaning (o) en 1 punt aan die opponent toeken. Waar of Vals? / If a wrestler stops a Greco Roman bout faking an injury, the referee will ask for a caution (o) and award 1 point to his opponent.- True or False? (Art:19) (1)
4. 'n Senior stoeier mag met oor beskermers stoei. Waar of Vals? / A senior wrestler may wrestle with ear protectors. Tue or False? (Art:5) (1)
5. Die skeidsregter sal sodra daar 10 punte verskil is in Vrystyl, die fluitjie blaas. Waar of Vals? / The referee will immediately blow his whistle when a wrestler has a 10 points difference in Freestyle. True or False (Art:45, 29) (1)
6. Dit is vir die skeidsregter nodig om sy regter arm hoog en duidelik op te lig en met sy vingers te wys hoeveel punte die rooi stoeier verdien het. Waar of Vals? / The referee must lift up his right arm to indicate points for the red wrestler. True or False (Art:19) (1)
7. Noem die 2 moontlike uitkoms wanneer die aanvallende stoeier uittrap met die uitvoer van 'n greep? / Name the 2 scenario's when the attacking wrestler steps out of bounds when he performs an action? (Art:40) (2)
8. Wie besluit op 'n wenner indien daar nie 'n val is nie? / Who decide who wins the bout if there was no fall? (Art:17) (1)
9. 'n Stoeier mag deelneem aan 'n kompetisie met 'n baard wat enkele dae oud is? Waar of Vals /A wrestler may participate in a competition with a beard that is a few days old? True or False (Art:5) (1)
10. Indien die aanvallende stoeier in Vrystyl 'n greep uitvoer, en die verdedigende stoeier voer 'n onwettige aksie uit, sal die skeidsregter wag vir die greep om voltooi te word indien dit nie gevaar inhou nie. Wat is die handeling van die skeidsregter na die greep sukses vol voltooi is? / If the attacking wrestler in

Freestyle is performing a hold and the defender is performing an illegal hold that holds no danger, what are the referee's actions when the attacking hold is completed successfully? (Art:52) (6)

11. Hoe wen 'n stoeier as sy opponent nie op die mat verskyn nadat hy geroep is nie? / If a wrestler does not appear on the mat after his name was announced how does his opponent win the bout? (Art:25) (1)
12. Indien 'n stoeier op die mat verskyn en nie aan die drag voorskrifte voldoen nie, hoeveel tyd word toegelaat om aan die voorskrifte te voldoen? / If a wrestlers appears on the mat not dressed as prescribed, what is the time period he is granted to dress correctly?(Art:5) (1)
13. Hoe word ontvlugting van die mat of greep in gevaar aangedui op die telkaart met punte? / How is fleeing the mat or hold in danger position indicated on the scorecard with points? (Art:20) (2)
14. Die skeidsregter moet 'n onwettigheid probeer stop sonder om die wedstryd te onderbreek indien die onwettigheid nie vir die opponent gevaar inhou nie. Waar of Vals? / The referee must try and stop an illegal action without stopping the bout if it does not hold any danger for the attacking wrestler. True or False? (Art:52) (1)
15. 'n Beampte mag nie aan 'n SA Kampioenskappe deelneem voordat hy nie 'n SA Kursus bygewoon het in dieselfde jaar. Waar of Vals. / An official is not allowed to participate in an SA Championship until he takes part in a SA Officials Course during the same year. True or False? (Regulasies) (1)
16. Die beoordelaar mag punte op die telkaart aanteken ongeag of die skeidsregter of die matvoorsitter met hom saamstem. Waar of Vals? / The judge can record the points on the score sheet without confirmation from the referee or mat chairman. True or False? (Art:20) (1)
17. Gee bypassende beskrywing en afmetings van 'n standaard stoei mat. / Fill in all the descriptions and measurements of a standard wrestling mat. (Art:4) (8)



18. Mag die stoeier se span dokter help indien sy stoeier mediese hulp ontvang? / May a wrestler's team doctor assist when medical assistance when needed? (Art:56) (1)
19. Deur wie en wanneer word die wedstryd onderbreek vir 'n "Challenge"? / By who and when is the bout interrupted for a challenge? (Art:33) (2)
20. Wat gebeur indien die dokter sou aandui dat die besering geveins word in Grieks Romeins? / What happens when the doctor indicates that the wrestler is faking an injury in Greco Roman? (Art:19) (2)
21. Tydens 'n S.A. Kampioenskap hoe lank mag beserings tyd duur indien daar geen bloed is? / How long is injury time at a SA Championship when no blood is visible? (Art:57) (1)
22. Is die toegelate besering per rondte of per wedstryd? / Is the prescribed injury time per round or per bout? (Art:57) (1)
23. Die matvoorsitter moet altyd sy opinie gee indien die skeidsregter en beoordelaar verskil. Waar of Vals? / The mat chairman must always give his opinion when the referee and judge disagree. True or False (Art:21) (1)
24. Wat is die klassifikasie punte vir die wedstryd gewen met punte, maar die opponent het ook punte? / What is the classification points awarded when a bout is won by points and his opponent has also scored points (Art:43) (2)
25. Hoe lank voor die toegelate beserings tyd verstreke is, moet die stoeiers in die middel van die mat plek inneem gereed om te stoei? / How long before the end of injury time must the wrestlers move to the center of the mat ready to wrestle? (Art:57) (1)
26. Wat gebeur met 'n stoeier wat weier om vir verbode middel getoets te word? / What happens to a wrestler who refuses to be tested for doping? (Art:58) (2)
27. Wie is die amptelike paneel gedurende 'n wedstryd? / Who is the official refereeing body during a bout? (Art:16) (3)
28. Indien geen stoeier punte verdien in 'n Vrystyl straf periode (Passiwiteit), wat is die skeidsregter se aksies? Blou was passief / If no wrestler scores points in the freestyle penalty period (Passivity), what is the referee actions? Blue was passive. (Art:48) (4)
29. Wat is die enigste rede waar 'n beampte wel gedurende 'n wedstryd vervang kan word? / When can a referee be substituted during a bout? (Art:16) (1)
30. Hoe en deur wie sal die akkurate verloop van die wedstryd gereflekteer word? / How is the accurate flow of the bout recorded and by whom? (Art:17) (3)
31. Hoe laat moet die beamptes tydens enige SA Kampioenskappe aanmeld by SA Beampteraad? / At what time must the officials report to the SA Officiating council at any SA Championship? (Regulasies) (1)
32. Hoe word 'n vermaning op die telkaarte aangedui? / How will a caution be recorded on a score sheet? (Art:17) (1)
33. Die skeidsregter moet gesag en respek afdwing op die stoeiers. Waar of Vals / The referee must command the respect of the contestants and exercise full authority over the wrestlers. True or False? (Art:19) (1)
34. Die skeidsregter sal altyd eerste vir die matvoorsitter vra om 'n stoeier te bank wanneer ''n wedstryd hervat word, en indien hy nie saam stem nie, sal hy die beoordelaar vra. Waar of Vals? / The referee

must always first ask the mat chairman for a Par Terre to resume the bout, if he does not get confirmation he must ask the judge. True or False? (Art:19) (1)

35. 'n Val is geldig in die beskermings gebied, solank die verdedigende stoeier se kop nog in die rooi zone is. Waar of Vals? / A fall is valid in the protection area if the wrestler's head is still in the red zone. True or False? (Art:44) (1)
36. Die skeidsregter bly buite stemming indien 'n stoeier gediskwalifiseer moet word vir brutaliteit. Waar of Vals? / The referee does not have to give his opinion when a wrestler is disqualified for brutality. True or False (Art:54) (1)
37. Noem 4 verbode toestande of artikels aan 'n deelnemende stoeier? / Name 4 illegal substances or articles on a wrestler? (Art:5) (4)
38. Die skeidsregter wys slegs die wenner aan indien die beoordelaar hom so versoek. Waar of Vals? / The referee announces the winner when the judge asks him. True or False? (Art:19) (1)
39. Indien 'n stoeier 8 punte in Grieks Romeins voor sy opponent is, sal die Skeidsregter dadelik die fluitjie blaas en die wenner aanwys. Waar of Vals? / If a wrestler is 8 points in front of his opponent in Greco Roman, the referee will immediately blows his whistle and declare the winner. True or False? (Art:19) (1)
40. Oorskadu is die eerste stoeier met 8 punte (Grieks Romeins). Waar of Vals? / Technical superiority is when the first wrestler reaches 8 points (Greco Roman). True or False (Art:29) (1)
41. Die matvoorsitter mag egter nie uit sy eie 'n geel kaart of rooi kaart aan die afrigter wys nie, en moet wag tot die skeidsregter dit versoek. Waar of Vals? / The mat chairman cannot give a yellow card to a coach unless he is requested by the referee. True or False?(Art:32) (1)
42. Deur wie moet die dokter die wedstryd onderbreek indien 'n stoeier behandeling moet ontvang? / The medical doctor can request who to stop the bout? (Art:57) (1)
43. Indien 'n stoeier met die uitvoer van 'n aksie 10 punte voor is maar in dieselfde ononderbroke aksie ook deur sy teenstander gedraai word vir 2 punte, sal die skeidsregter die fluitjie blaas omdat daar reeds 10 punte verskil was (Vrystyl). Waar of Vals? / While completing a hold the wrestler is 10 points ahead but his opponent turns him in one continuous movement for 2 points the referee must stop the bout because the difference was already 10 points (Freestyle). True or False (Art:29) (1)
44. Die beoordelaar mag self eerste punte aanwys al stem die skeidsregter nie saam nie. Waar of Vals? / The judge may show points first even if the referee disagrees. True or False. (Art:20) (1)
45. Die beoordelaar se telkaart moet die tyd wat die wedstryd geduur het op die telkaart aanbring. Waar of Vals? / The judge must record the total time that the bout lasted on his score card. True or False? (Art:20) (1)
46. Wat is die skeidsregter se reaksie indien die stoeiers met drie of vier voete tydens staan stoei, in die rooi zone staan en daar nie aksie is nie. / What must the referee do when 3 or 4 feet are in the zone without any action? (Art:47) (1)
47. Die beoordelaar mag buite stemming bly indien 'n stoeier vir brutaliteit geskors word. Waar of Vals? / The judge can stay neutral when a wrestler is disqualified due to brutality. True or False (Art:56) (1)

48. Die matvoorsitter is verantwoordelik vir die aksies en handeling van die skeidsregter en die beoordelaar. Waar of Vals? / The mat chairman is responsible for the actions of the referee and the judge during a bout. True or False? (Art:21) (1)
49. 'n Val is geldig in die zone indien die verdedigende stoeier se kop aan die beskermings area raak. Waar of Vals? / A fall is legal in the passivity zone if the defending wrestlers head touches the protection area. True or False? (Art:44) (1)
50. Noem die dissiplinêre aksies in volgorde wat teen 'n beampte geneem kan word wat homself aan onbehoorlike gedrag skuldig maak?/ Name the disciplinary steps in sequence taken against a officials who behaves inappropriately? (Art:23) (6)
51. Indien 'n stoeier nie opdaag vir die Goud en silwer finale wedstryd, sal hy outomaties as verloorder aangedui word en 'n Silwer medalje ontvang. Waar of Vals? / If a wrestler does not appear on the mat for the gold and sliver final bout, he will automatically be declared the loser and receive a silver medal. True or False? (Art:15) (1)
52. Die skeidsregter hoef nie punte aan te toon as dit in die beskermings gebied aangeteken word nie. Waar of Vals? / The referee does not have to show the points awarded in the protection area. True or False (Art:19) (1)
53. Mag 'n beampte op die paneel vervang word tydens die wedstryd omdat hy voel dat hy van buite ge-intimideer word? / May a referee be replaced during a bout if he feels that he is intimidated from outside? (Art:16) (1)
54. Die skeidsregter moet besluit hoe stoei moet voort gaan na onderbreking en of dit in mat stoei of staan stoei moet voort gaan. Waar of Vals? / The referee must decide in what position the bout must continue after an interruption. True or False? (Art:19) (1)
55. Beskryf die aanvaarbare drag vir beamptes in Suid-Afrika. / Describe the correct dress for an official in South Africa. (Regulasies) (6)
56. Die gewig van die stoei kostuum kan van die totale massa af getrek word. Waar of Vals? / The weight of the singlet must be subtracted from the total weight at the weigh-in. True or False? (Art:11) (1)
57. Indien die wedstryd nie met 'n val eindig nie, wie besluit wie is die wenner? / If the bout does not end with a fall, who decides the winner? (Art:17) (1)
58. Indien die wedstryd gelyk met punte eindig. Bv. 5-5 of 2-2 ens. Hoe word bepaal wie is die wenner? Noem die verskillende kriteria wat in ag geneem word in volgorde? / If a bout ends in a draw, example 5-5 or 2-2, describe the criteria in sequence to be used to decide who the winner is. (Art:31) (3)
59. Noem die 5 maniere waarop 'n wedstryd gewen kan word. / A bout may end in 5 different ways name them . (Art:29) (5)
60. Noem die onderskeie tye vir stoei en rus periodes vir die volgende afdelings:/ Name the period and rest times for the following divisions: (Regulasies)

- LTPD O/6-O/8 (1)
- Jeug/Youth (1)
- Kadette/Cadets (1)

- Juniors/Juniors (1)
- Seniors/Seniors (1)
- Veterane/Veterans (1)

61. Indien die aanvallende stoeier plat oor sy skouers rol met die uitvoering van 'n greep sal hy nie punte afstaan nie aangesien hy die risiko geneem het met die uitvoer van die greep. Waar of Vals? / If the attacking wrestler rolls onto his own shoulders while executing a hold, he will not lose points because he took risk. True or False? (Art:40) (1)
62. Die skeidsregter moet so posisie in neem om die stoeiers se bene dop te hou tydens Grieks Romeins stoei. Waar of Vals? / The referee must take in position on the mat so that he can clearly see the wrestler's legs in Greco Roman wrestling. True or False(Art:19) (1)
63. Vermanings (O) verval aan die einde van elke periode. Waar of Vals? / Cautions are reset at the end of each period. True or False? (Art:31) (1)
64. Die afrigter en spanbestuurder mag hulp verleen indien hul stoeier mediese behandeling ontvang. Waar of Vals? / The coach and team manager may assist the wrestler during an injury. True or False?(Art: 56) (1)
65. Geen greep kan voltooi word en punte verdien nadat die gong gelui het nie. Waar of Vals? / No action is valid or can be counted after the gong. True or False? (Art:36) (1)
66. Wat is die handeling van die skeidsregter indien die afrigter hom probeer intimideer? / Name the action the Referee may follow if the coach tries to intimidate him?(Art:32) (2)
67. Die Skeidsregter blaas dadelik die fluitjie nadat die val bevestig is en slaan daarna die mat met sy hand. Waar of Vals? / After conformation on a fall the referee will immediately blow his whistle and the strike the mat with his hand. True or False? (Art:19) (1)
68. Daar is altyd punte met die gee van 'n vermaning (O) vir ontoelaatbare greep. Waar of Vals? / Points will always be rewarded with after a caution (O) for an illegal action. True or or False (Art:38) (1)
69. Beskryf die prosedure indien die telling in die eerste vrystyl periode 0-0 is na 2 min tot 2:30min / Describe the procedure in the first freestyle period if the score is 0-0 after 2 min until 2:30min. (Art:48) (7)
70. Wat is die herstel periode waarop ''n stoeier geregtig is tussen wedstryde in dieselfde styl/What is the recovery time for a wrestler between bouts in the same in the same division(Art:25) (1)
71. Indien 'n stoeier met 'n onwettige greep verhoed dat die aanvallende stoeier sy greep deur voer, sal hy 'n vermaning (O) ontvang en die opponent sal 2 punte ontvang. Waar of Vals? / If the defending wrestler prohibits the attacking wrestler to complete a hold with an illegal hold he will receive a caution and his opponent will receive 2 points. True or False? (Art:52) (1)
72. As 'n stoeier nie in tyd verskyn op die mat nie word hy vir die wedstryd gediskwalifiseer. Waar of Vals? / If a wrestler fails to appear on the mat he is disqualified for the bout. True or False? (Art:25) (1)
73. Beskryf die handeling van die skeidsregter wanneer hy die twee stoeiers nader roep om te begin stoei tot en met die fluitjie blaas? / What is the procedure a referee must follow when two wrestlers are called to the mat until the bout starts? (Art:27) (5)

74. Indien daar ‘n onderbreking in die wedstryd is mag die stoeiers in hul hoeke gaan staan en advies van die afrigter ontvang. Waar of Vals? / During an interruption the wrestler may stand in his corner and receive advice from his coach. True or False? (Art:28) (1)
75. Die matvoorsitter mag die wedstryd onderbreek indien hy opmerk dat daar ‘n ernstige fout begaan word deur die skeidsregter. Waar of Vals? / If the mat chairman observes a serious mistake by the referee, he may stop the bout. True or False?(Art:21) (1)
76. ‘n Stoeier mag sy opponent terugtrek van die kant van die mat. Waar of Vals? / The wrestler may pull his opponent back from the edge of the mat. True or False? (Art:28) (1)
77. Noem 3 maniere hoe die wedstryd kan eindig. / Name 3 ways a bout can end. (Art:29) (3)
78. Noem die 1 manier hoe ‘n stoeier met tegniese superioriteit kan wen. / Name 1 way to win by technical superiority. (Art:45) (1)
79. ‘n Stoeier moet toestemming gee as die afrigter “challenge” Waar of Vals? / The wrestler must give permission when the coach lodges a challenge. True or False? (Art:33) (1)
80. Beskryf die prosedure wat die skeidsregter volg nadat hy sy fluitjie geblaas het om die einde van die wedstryd aan te dui tot die stoeiers die mat verlaat. / Name the procedure the referee must follow after the final whistle at the end of the bout until the wrestlers leave the mat? (Art:29) (4)
81. Beskryf wat gebeur indien die verdedigende stoeier ‘n onwettige greep uitvoer, wat verhoed dat die aanvallende stoeier sy greep deur voer. / Describe what happens when the defending wrestler performs an illegal hold to prevent the attacking wrestler to complete his hold. (Art:52) (4)
82. Die uitvoer van die skouspelagtige greep in Grieks Romeins sal altyd 5 punte verdien of die verdedigende stoeier in gevaar val of nie. Waar of Vals? / All grand amplitude throws in Greco Roman will always receive 5 points whether the wrestler falls in danger or not. True or False? (Art:39) (1)
83. Die skeidsregter moet onmiddellik die wedstryd onderbreek na die 30 sek straf periode as geen punte aangeteken is. Waar of Vals? / The referee must immediately interrupt the bout if no points was awarded in the 30 sek penalty period. True or False? (Art. 48) (1)
84. Die skeidsregter moet dadelik die fluitjie blaas indien die verdedigende stoeier in staan stoei, se hele voet aan die beskermings area raak. Waar of Vals? / The referee must immediately blows his whistle when the defending wrestler steps in the protection area with his complete foot. True or False? (Art:47) (1)
85. Die eerste periode in vrystyl kan met die punte 0-0 eindig. Waar of Vals? / The first period in freestyle can end with a score of 0-0. True or False? (Art:48) (1)
86. ‘n Stoeier kan net gediskwalifiseer word vir die wedstryd, indien hy 3 vermanings (O) in dieselfde periode ontvang het. Waar of Vals? / The wrestler can only be disqualified for a bout if he receives 3 cautions in the same period. True or False? (Art:31) (1)
87. ‘n Val is geldig in die rooi zone solank die verdedigende stoeier se kop nie aan die beskermings gebied raak nie. Waar of Vals? / A fall is valid in the red zone if the head of the defending wrestler does not touch the protection area. True or False? (Art:44) (1)

88. Hoeveel punte kry die opponent wanneer ’n vermaning gegee word aan ’n stoeiers vir ontvlugting van ’n greep in staan stoei in Grieks Romeins? / How many points is awarded to the opponent when the wrestler receives a caution for fleeing a hold in standing position in Greco Roman. (Art:50) (1)
89. Wat sal gebeur indien daar ongerymdheid plaasvind of foute gemaak word tydens die nommer trekking? / What happens when an error in the regulations is observed during drawing of lots? (Art:12) (1)
90. Die Afrigter het geen reg om te help wanneer sy stoeier medies behandel word nie. Waar of Vals? / The coach may not assist the doctor when the wrestler receives medical treatment. True or False? (Art:32) (1)
91. Wat is die maksimum tyd van ‘n vrystyl straf periode? / What is the maximum time for a penalty period in freestyle? (Art:48) (1)
92. Indien die aanvallende stoeier se een voet in die beskermings gebied trap maar die aanval is aaneenlopend, sal die punte wat hy kry vir hom tel. Waar of Vals? / If the attacking wrestler steps in the protection area with his complete foot, while performing a hold, he will receive the maximum points if the attack is continuously. True or False? (Art:48) (1)
93. Die afrigter mag nie sy misnoë te kenne gee teen die paneel beamptes tydens die wedstryd nie. Hy mag wel met sy stoeier praat. Waar of Vals? / The coach is not allowed to influence the referee during the bout he may however speak to his wrestler. True or False? (Art:32) (1)
94. Indien ‘n stoeier openlik stoei vermy of grepe ontvlug of die mat ontvlug sal hy vermaan (O) word en 1 punt of 2 punte afstaan. Waar of Vals? / If a wrestler is fleeing a hold or the mat he will be cautioned and his opponent will receive 1 or 2 points. True or False? (Art:52) (1)
95. Seniors wat 90kg weeg mag in ‘n ander massa kategorie deelneem, as sy natuurlike inmeet massa. Waar of Vals? / Senior wrestler that weighs 90kg may wrestle in another weight category other than his natural weight. True or False(Art:7) (1)
96. Die “rooi zone” is die gebied buite die mat. Waar of Vals? / The red zone is the part outside the wrestling mat. True or False? (Art:48) (1)
97. Wat gebeur indien ‘n afrigter ‘n rooi kaart ontvang het, en wat is die prosedure daarna?/ What happens if a coach received a red card and what is the procedure to follow? (Art:32) (3)
98. Indien die aanvallende stoeier ‘n greep uit staan stoei uitvoer en in die proses op sy eie skouers val, sal hy 2 punte afstaan, maar as hy sy opponent ook ter selfde tyd in gevaar plaas sal hy ook 4 punte ontvang. Waar of Vals? / If the attacking wrestler performs a 4 point action but in the process falls flat on his back, he will receive his 4 points, but also loose 2 points. True or False? (Art40) (1)
99. Indien skeidsregter vra vir 'n val, die gong lui en die matvoorsitter bevestig dan, sal die val geldig wees. Waar of Vals? / If the referee observes a fall, the gong sounds, and then the mat chairman confirms. The fall will stand. True or False? (Art:36) (1)
100. Noem 3 gevalle van ‘n gevaar posisie? / Name 3 danger positions? (Art:37) (3)
101. Die beoordelaar moet die punte wat ‘n val veroorsaak het, omkring. Waar of Vals? / The judge must encircle the points that brought about the fall. True or False? (Art:38) (1)
102. Beskryf die skouspelagtige greep? / Describe a grand amplitude throw? (Art:39) (5)

103. Watter twee beamptes werk saam met die beheer van die wedstryd en wie koördineer hulle werksaamhede? / Which 2 officials control the bout and who coordinates them? (Art:17) (3)
104. As die gong gelui het en die skeidsregter hoor dit nie, hoe word die skeidsregter se aandag getrek? / When the gong sounded but the referee did not hear it how what method is used to draw his attention? (Art:29) (1)
105. Noem drie 4 punt aksies? / Name three 4 point actions? (Art:40) (3)
106. Indien die aanvallende stoeier ‘n skouspelagtige greep uitvoer waar hy die verdedigende stoeier uit mat stoei op lig, sal hy ‘n bonus punt ontvang vir die op lig uit die matstoei posisie. Waar of Vals? / If a wrestler picks up his opponent from the mat while performing a grand amplitude throw he will receive a bonus point. True or False? (Art:40) (1)
107. Wat is die klassifikasie punte vir die wedstryd gewen met punte en die verloorder het geen punte? / Name the classification points if the wrestler wins on points and his opponent does not have any points? (Art:43) (2)
108. Hoe gereeld moet die verstreke beserings tyd aangekondig word? / How frequently must the injury time be announced? (Art:57) (1)
109. Beskryf die val posisie? / Describe the fall position? (Art:44) (3)
110. Indien ‘n verdedigende stoeier ‘n onwettige greep uitvoer en word in die proses gepen, sal die pen nie geldig wees nie. Waar of Vals? / If a defending wrestler commits an illegal hold while getting pinned, the fall is not valid. True or False? (Art:52) (1)
111. Die matvoorsitter hoef nie 'n val te bevestig as die beoordelaar dit reeds bevestig het. Waar of Vals? / The mat chairman does not have to confirm a fall if the judge already confirmed it. True or False? (Art:44) (1)
112. Beskryf die korrekte bank (*par terre*) bo en onder posisie? / Describe the correct *par terre* top and bottom position? (Art:46) (7)
113. ‘n Val is geldig in die beskermings gebied solank die aksie wat die val vooraf gaan in die sentrale stoei area begin het. Waar of Vals? / A pin is valid in the protection area if the action started in the central area. True or False? (Art:47) (1)
114. Wat is die wag tyd vir ‘n stoeier om op die mat te verskyn nadat sy naam afgekondig is op die sentrale luidspreker sisteem as hy moet stoei, en hoe dikwels word hy geroep? / What is the delay period for a wrestler to appear on the mat after his name was announced on the central intercom system and how often must his name be called? (Art:25) (2)
115. Die stoeiers mag wel met drie voete in die rooi zone voort gaan met hulle grepe solank die grepe in die sentrale stoei area begin het en die aksie aaneenlopend is. Waar of Vals? / Wrestlers may complete a hold with 3 feet in the red zone as long as the action started in the central wrestling area and is continuous. True or False? (Art:47) (1)
116. Indien die verdedigende stoeier met een voet in die beskermings area trap terwyl die aanvallende stoeier aaneenlopend besig is om ‘n greep uit te voer, sal die wedstryd onderbreek word. Waar of Vals? / If the defending wrestler steps in the protection area while the attacking wrestlers executes a continuous hold, the bout is interrupted. True or False? (Art:47) (1)

117. Indien die afrigter volhard met sy intimidasie, sal die skeidsregter vir hom ‘n rooi kaart wys. Waar of Vals? / If the coach continues with his intimidation, the referee gives him a red card. True or False? (Art:32) (1)
118. Die skeidsregter hoef nie die stoeier te waarsku dat hy sy voet in die rooi zone het tydens staan stoei nie aangesien die stoeier self kan sien dat hy in die rooi zone trap. Waar of Vals? / The referee does not have to warn a wrestler if he steps into the red zone because he can see it by himself. True or False? (Art:47) (1)
119. Hoeveel tyd kry die afrigter om die spons in te gooi vir 'n “Challenge” na die punte op die telbord verskyn het? / How long does the coach get to challenge after the points are displayed on the scoreboard? (Art:33) (1)
120. Die passiwiteit straf periode duur maksimum 1 minuut. Waar of Vals? / The passivity penalty time can be a maximum of 1 min True or False? (Art:48) (1)
121. Noem vier 2 punt aksies. / Name four 2 point actions. (Art:40) (4)
122. Indien enige van die twee stoeiers tydens die passiwiteit straf periode ‘n greep uitvoer wat die punte verdien, verval die straf periode. Waar of Vals? / If any of the wrestlers executes a hold that amounts to points the rest of the passivity penalty time is ignored. True or False? (Art:48) (1)
123. Wat is die minimum ouderdom vir Veteraan stoeiers? / What is the minimum age for a veteran wrestler? (Art:7) (1)
124. Die gewone UWW loting se klassifikasie punte word internasionaal gebruik waar daar ses en meer stoeiers in ‘n afdeling Stoei. Waar of Vals? / The normal UWW pairing classification points are awarded to wrestlers where there are 6 or more wrestlers in a group internationally. True or False (Art:8,43) (1)
125. Daar is ongeveer 13 verbode aksies soos om bv. nie die opponent se hare te trek nie ens. Noem nog 6 ander verbode aksies. / There are approximately 13 illegal actions like pulling of hair. Name 6. (Art:52) (8)
126. Beskryf wanneer staan ‘n stoeier 1 punt af vir mat ontvlugting en wanneer staan hy 2 punte af in Vrystyl?/ Describe when a wrestler lose 1 point and when does he lose 2 points for fleeing the mat in Freestyle. (Art:51) (2)
127. Tydens Grieks Romeinse stoei moet die aanvallende stoeier saam met die verdedigende stoeier af gaan mat toe en mag hy nie kontak verbreek nie, om die greep geldig te maak. Waar of Vals? / In Greco Roman wrestling the attacking wrestler must accompany his opponent to the mat from a standing position, for the hold to be valid. True or False?(Art:53) (1)
128. Noem vyf 1 punt aksies? / Name five 1 point actions? (Art:40) (1)
129. Tydens matstoei mag albei stoeiers se bene buite perke van die mat wees, solank die kop en skouers van die verdedigende stoeier nog binne die rooi zone is en daar aksie is. Waar of Vals? / During *par terre* both the wrestlers’ legs may be out off bounds if the defending wrestlers head and shoulders are still in the red zone and there are actions. True or False? (Art:47) (1)

130. Beskryf die prosedure vir die toepassing van die straf vir passiwiteit in Grieks Romeins Seniors. / Describe the procedure for enforcement of penalties for inactivity in Greco-Roman wrestling- Seniors. (Art:48) (8)
131. Beskryf die prosedure vir die toepassing van die straf vir passiwiteit in Vrystyl en wat gebeur as geen punte verdien word nie? / Describe the procedure for enforcement of penalties for inactivity in freestyle wrestling if no points are awarded? (Art:48) (7)
132. Wanneer mag die 'n stoeier teen 'n val "*challenge*" wat deur die mat voorsitter bevestig is? / When may a wrestler challenge against a fall that has been confirmed by the mat chairman? (Art:33,22) (1)
133. Wanneer mag 'n stoeier met verbande op die mat verskyn? / When is a wrestler allowed to go on the mat with bandages? (Art:5) (1)
134. 'n Stoeier hoef nie met 'n sakdoek op die mat te verskyn nie solank daar een by sy afrigter is. Waar of Vals? / A wrestler does not have to appear on the mat with a handkerchief if his coach has one. True or False? (Art:5) (1)
135. Wie se naam word deur gekrap aan die einde van die wedstryd op die telkaart? / Who's name is crossed out at the end of the bout on the scorecard? (Art:20) (1)
136. Dit is nie nodig vir die punte wat deur die beoordelaar gewys word, om bevestig te word voor dit op die telbord vertoon word nie. Waar of Vals? / It is not necessary for the points that the judge shows, to be confirmed before it is displayed on the scoreboard. True or False? (Art:17) (1)
137. Noem 3 verbode items by Stoei skoene? / Name 3 illegal items on wrestling Shoes? (Art:5) (3)
138. Hoeveel punte verdien 'n stoeier indien hy 'n skouspelagtige greep uitvoer maar nie die verdedigende stoeier direk in gevaar plaas nie Vrystyl? / How many points does a wrestler receive if he executes a grand amplitude throw but does not place his opponent in direct danger Freestyle? (Art:40) (1)
139. Klassifikasie punte in die Nordic Loting word gebruik waar daar 'n maksimum van hoeveel stoeiers in 'n afdeling stoei internasionaal? / Classification points in the Nordic paring system are awarded when a maximum of how many wrestlers are in a group internationally? (Art:8) (1)
140. Noem 3 instansies wanneer 'n afrigter mag "*Challenge*"? / Name 3 instances when a coach may challenge? (Art:33,22) (3)
141. Telling is 0-0 op 2min in Vrystyl maar 'n stoeier is besig met greep, wat moet Skeidsregter doen? Score is 0-0 on 2min in freestyle but the one wrestler is busy with a hold, what should the Referee do?(Art48) (2)
142. In Vrystyl om watter liggaamsdele mag 'n stoeier skêr met sy bene. In Freestyle around which body parts may a wrestler apply a scissor lock? (Art.53) (2)
143. Met hoeveel punte moet 'n stoeier in Vrystyl voor loop om met Tegniese Superioriteit te wen? / To win by Technical Superiority in Freestyle you must lead by how many points (Art.45) (1)
144. Waar moet 'n rooi kaart aan 'n afrigter aangeteken word? / Where must a red card given to a coach be recorded? (Art.32) (1)
145. Beskryf die prosedure vir die toepassing van die straf vir passiwiteit in Grieks Romeins -Juniors. / Describe the procedure for enforcement of penalties for inactivity in Greco-Roman - Juniors wrestling. (Art:48) (8)

146. Indien die Blou stoeier se *challenge* slaag mag die Rooi stoeier dan "*counter challenge*"? / If the Blue wrestler's challenge is successful, may the red Wrestler counter challenge? (Art. 33) (2)
147. Dit is toelaatbaar om 2 hande om die kop te vat solank die stoeier nie gewurg word. Waar of Vals? / It is legal to apply 2 hands around the head as long as you do not strangle the opponent. True or False? (Art. 52) (1)

Vraebank saamgestel deur:
Willem Giliomee en gemodereer deur SASF Beampteraad.

Indien daar enige vrae onduidelik is of navrae is, kan dit direk aan Willem Giliomee gestuur word.
plastics@mweb.co.za